
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V1

## NOVEMBER 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 22 bladsye.**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BEGINSELS VIR DIE NASIEN VAN EKONOMIE – NSS OKT/NOV 2025**

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasien in alle provinsies te standaardiseer.

**NASIEN**

- **ALLE** vrae en antwoorde in kandidate se skrifte **MOET** nagesien word, ongeag of dit korrek of verkeerd is.
- Waar antwoorde meer is as wat die instruksies vereis, moet die volgende geld:
  - In afdeling A, waar kandidate **TWEE** antwoorde gee, moet die eerste antwoord nagesien word.
  - In afdeling B, (2.1.1, 3.1.1 en 4.1.1) merk die eerste **TWEE** antwoorde en dui aan ***M 2*** vir antwoorde wat meer is as wat die vraag vereis het.
  - In afdeling B, data-antwoordvrae wat 'n spesifieke aantal antwoorde vereis (bv. 2.2.1 en 2.2.2), merk die eerste antwoord en dui aan ***M 1*** vir antwoorde wat oortollig is.
  - In afdeling B en C (keusevrae), dui aan ***EKSTRA*** op vrae bo die vereiste aantal.
  - Waar die maksimum punte vir 'n spesifieke afdeling toegeken is, merk al die antwoorde tot by die maksimum punte vir die vraag en dui óf ***M 2*** óf ***M 8*** óf ***M 10*** óf ***M 26*** aan. Trek daarna 'n lyn aan die regterkant van die antwoorde wat oortollig is.
- 'n Duidelike, netjiese regmerkie moet gebruik word:
  - Indien **EEN** punt toegeken word, moet **EEN** regmerkie gebruik word:✓
  - Indien **TWEE** punte toegeken word, moet **TWEE** regmerkies gebruik word:✓✓
  - Die regmerkie moet geplaas word by die **FEIT** waarvoor 'n punt toegeken word.
  - Regmerkies moet **KLEIN** gehou word, aangesien verskeie vlakke van moderering kan plaasvind.
- Verkeerde antwoorde moet met 'n duidelike, netjiese kruisie gemerk word:×
  - Gebruik een kruisie op elke verkeerde antwoord in vrae waar kandidate meer as een antwoord moet gee.
  - Probeer om **NIE** die kandidate se antwoorde te onderstreep nie.
- Vir die volgende aksiewoorde is **EEN-woord** antwoorde aanvaarbaar: **lys**, **noem**, **identifiseer**
- Vir die volgende aksiewoorde moet 'n **VOLLE** sin geskryf word: **beskryf**, **verduidelik**, **evalueer**, **ontleed**, **stel voor**, **onderskei**, **definieer**, **bespreek, waarom**, **hoe**
- Die volgende aksiewoorde moet binne hul konteks gelees word om te bepaal of 'n **EEN-woord** antwoord of 'n **VOLLE** sin vereis word: **verskaf**, **wat**, **tabuleer**, **identifiseer** en **gee**.
- Waar kandidate 'n grafiek moet teken, merk die grafiek volgens 'n merkrubriek wat in die amptelike nasienriglyne verskaf word.
- Waar kandidate berekeninge moet doen, sal die finale antwoord nie noodwendig volpunte kry nie. **3 punte** word toegeken vir die **berekeninge** en**1 punt** vir die **finale antwoord**.

**LET OP DIE VOLGENDE**

- Indien die nommering verkeerd is of weggelaat is, kan kandidate gekrediteer word solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word.
- Waar daar spelfoute is, ken die punte toe mits die betekenis korrek is.
- Gee aandag aan die betekenis van antwoorde, wat op 'n ander manier gestel kan word.
- In meerkeusevrae waar 'n letter die aanvaarde antwoord is, maar die leerder die werklike antwoord skryf - ken punte toe.
- Daar sal 'n bylaag tot die nasienriglyne wees vir die nasien van sekere vrae.

**TOTAAL EN OORDRAG VAN PUNTE**

- Die subtotaal vir elke subvraag moet aan die regterkantse kantlyn aangeteken word.
  - Vraag 1 in Afdeling A het **DRIE** onderafdelings en **DRIE** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Vrae in Afdeling B het **VYF** onderafdelings en **VYF** subtotale moet in die regterkantlyn aangeteken word.
  - Subtotale moet leesbaar geskryf word en spasie vir gemodereerde punte op die regterkantlyn laat.
- Die totale punt vir elke vraag moet in die boonste linkerkantlyn langs die vraagnommer aangeteken word en na die voorblad van die antwoordboek oorgedra word.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 A – endogene verduideliking van ✓✓
1.1.2 B – 1 ✓✓
1.1.3 D – burokrasie ✓✓
1.1.4 C – absolute✓✓
1.1.5 D – spesifieke ✓✓
1.1.6 B – progressiewe ✓✓
1.1.7 A – Geïntegreerde Vervaardigingstrategie✓✓
1.1.8 C – 15 en 64 ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 G – die bedrag geld bestee op finale goedere en dienste binne 'n land✓

1.2.2 I – dui die algemene rigting waarin die ekonomie beweeg aan✓

1.2.3 E – bestaan uit 'n drie-jaar aaneenlopende uitgawe en inkome vooruitskatting van die owerheid✓

1.2.4 A – die waarde van 'n geldeenheid word deur die kragte van vraag en aanbod bepaal✓

1.2.5 B – ontwikkelende lande ondergaan vinnige ekonomiese groei en industrialisasie ✓

1.2.6 F – veranderinge in rentekoerse en geldvoorsiening om die ekonomie te beïnvloed✓

1.2.7 D – 'n streek wat aktiwiteite konsentreer en fasiliteer binne 'n bepaalde sektor✓

1.2.8 C – die verhouding tussen reële uitset en faktorinset✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE DIE TERM

1.3.1 Resessie✓
1.3.2 Laffer-kromme ✓
1.3.3 Internasionale handel/ Buitelandse handel✓
1.3.4 Beskerming ✓
1.3.5 Grondrestitusie ✓
1.3.6 Demografiese aanwyser ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van leidende aanwysers.**

- Vakature advertensiespasie✓
- Aantal bouplanne goedgekeur✓
- Aantal voertuie verkoop✓
- Netto goud en ander buitelandse reserwes✓
- Reële handelsware uitvoere✓
- Nuwe maatskappye geregistreer✓
- Gouderts gemaal✓
- Rentekoerse verspreiding✓
- Saamgestelde leidende sakesiklus aanwysers vir Suid-Afrika se vernaamste handelsvennoot-lande✓
- Kommoditeitspryse-indeks vir Suid-Afrika se belangrikste uitvoerkommoditeit (gebaseer op Amerikaanse dollar)✓
- Gemiddelde ure per fabriekwerker in vervaardiging gewerk (halwe gewig) ✓
- Volume van bestellings in vervaardiging (halwe gewig)✓
- Sakevertroue-indeks✓
- Reële M1✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan die owerheid niebetalers van die verbruik van openbare goedere uitsluit?**

- Die owerheid kan gebruikstariewe/ fooie/ heffings hef vir die gebruik van kollektiewe goedere, soos stadions en nasionale paaie.✓✓
- Die owerheid kan belasting gebruik om te verhoed dat niebetalers openbare goedere verbruik deur almal te dwing om finansieel by te dra.✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer die item in die tabel hierbo wat die koop van aandele aanteken.**

Netto portefeulje-investering ✓ (1)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.2.2 **Noem die subrekening van die betalingsbalans wat transaksies aanteken wat met skuldvergewing verband hou.**

Kapitaaloordragrekening✓✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *direkte investering*.**

'n Belegging in vaste eiendom en die verkryging van 'n betekenisvolle aandeel (10%+) of beheer van sodanige besigheid / Dit sluit transaksies wat verband hou met beleggings in buitelandse besighede en vaste eiendom in.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Verduidelik die doel van onaangetekende transaksies in die betalingsbalans.**

Om voorsiening te maak vir foute en weglatings in terme van tydsberekening, dekking en waardasie.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Gebruik die inligting hierbo om te bepaal of daar 'n toename of afname in die reserwebates (A) is. Toon ALLE berekeninge.**

| | | |
|---|---|---|
| Saldo op Finansiële Rekening | | 62 869✓ |
| Min: | Saldo op finansiële rekening reserwebates uitgesluit | 63 066 ✓ |
| = | Reserwebates | **-197**✓ |

OF

Reserwebates = 62 869✓ – 13 481 – 4 311 + 23 349 – 68 622✓
= **-197**✓

Daar is 'n toename in reserwebates, omdat die waarde van reserwebates 'n negatiewe teken (-) het.✓ (4)

## 2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer in die grafiek hierbo die vlak van inflasie waar die werkloosheidskoers 10% is.**

6%✓ (1)

2.3.2 **Gee die konsep wat verband hou wat met die vlak van werkloosheid waar die inflasiekoers nul is.**

Natuurlike werkloosheidskoers/✓ (1)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *nuwe ekonomiese paradigma* in verband met sakesiklusse.**

Dit is die gladstryking van sakesiklusse (die bereiking van prysstabiliteit) deur die gebruik van vraagkant- en aanbodkantbeleide./ Dit is moontlik om ekonomiese groei te bevorder sonder om inflasie uit te lok deur vraagkant- en aanbodkantbeleide te gebruik. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.4 **Verduidelik die verhouding tussen werkloosheid en inflasie soos deur die grafiek geïllustreer.**

Daar is 'n inverse/ afruilende/ negatiewe verhouding tussen werkloosheid en inflasie✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoe kan die owerheid doeltreffendheid van markte in die ekonomie verbeter?**

- Die owerheid moet wette en regulasies verwyder (deregulering) om die buigsaamheid van markte te verbeter.✓✓
- Moedig mededinging aan deur die stigting van nuwe besighede te bevorder, buitelandse direkte investerings uit te nooi en magwanbalanse te verwyder.✓✓
- Gelykmaking van die speelveld om te verseker dat alle markdeelnemers gelyke geleenthede het en geen besigheid onregverdig benadeel word nie.✓✓ (2 x 2) (4)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4 **Bespreek kortlik *volle indiensneming* en *ekonomiese gelykheid* as makro-ekonomiese doelwitte van die owerheid.**

**Volle indiensneming**

- Volle indiensneming is wanneer alle mense wat werk soek in diens geneem word. ✓✓
- Die doel van die owerheid is om ordentlike en volhoubare werksgeleenthede te skep ✓✓
- Indiensnemingskoers word gemeet as die persentasie van die ekonomiese aktiewe bevolking (EAB) wat in diens is. ✓✓
- Op die kort termyn, kan indiensneming verhoog word deur direkte indiensnemingskemas en subsidies, soos jeugindiensneming-subsidies te gebruik.✓✓
- Op die mediumtermyn, kan die owerheid arbeidsintensiewe aktiwiteite ondersteun, veral in landbousektor en om investeringaansporings aan besighede in nywerhede te bied wat baie mense in diens neem, soos die vervaardigingsbedrywe. ✓✓
- Op die langtermyn kan die owerheid kennis- en kapitaalintensiewe-sektore ondersteun om mededingend te bly of die gehalte van onderwys en opleiding om die indiensneembaarheid van die toekomstige arbeidsmag te verhoog.✓✓ (2 x 2)

**Ekonomiese gelykheid**

- Ekonomiese gelykheid verwys na 'n situasie waar die hulpbronne van die ekonomie eweredig onder die bevolking versprei word.✓✓
- Inkomste word meer eweredig versprei wanneer die Gini-koëffisiënt minder as 0,5 is.✓✓
- Die verdeling van inkomste in die ekonomie is nie regverdig nie, aangesien sommige mense 'n groot hoeveelheid geld verdien terwyl andere minder verdien.✓✓
- In SA is die inkomstegaping steeds hoog, soos blyk uit die Gini-koëffisiënt van bo 0,6.✓✓
- Die owerheid kan inkomste deur die progressiewe belastingstelsel herverdeel.✓✓
- Progressiewe belasting beteken dat hoër inkomsteverdieners 'n hoër belastingkoers betaal.✓✓
- Die owerheid kan die armes met gratis basiese onderwys, gratis basiese gesondheidsorg, maatskapliketoelae, gratis dienste en subsidies help.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)
**('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde)** (8)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.5 **Hoe kan die appresiasie van die rand die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed?**

**Positiewe uitwerking**

- Die invoer van produksie-insette soos ru-olie, landbou-chemikalieë en voertuigonderdele sal goedkoper word, wat kostedrukinflasie sal bekamp.✓✓
- Laer koste van die invoer van produksie-insette kan binnelandse produksie verhoog, wat ekonomiese groei stimuleer en pryse vir goedere en dienste sal verlaag ✓✓
- Buitelandse beleggers kan aangetrokke wees om meer in die ekonomie te belê aangesien 'n sterker rand die opbrengs op hul beleggings verhoog.✓✓
- Invoerbetalings sal afneem, wat welsyn kan verhoog, aangesien meer hulpbronne gebruik kan word om meer uitvoere te produseer om die hoër invoerkoste te finansier.✓✓
- Uitvoerverdienste sal toeneem, wat tot 'n verbetering in handelsbalans tot gevolg sal lei.✓✓
- Op die korttermyn, sal die ruilvoet verbeter aangesien die pryse van uitvoere hoër as die invoerpryse sal wees.✓✓
- Uitgaande toerisme-aktiwiteite sal toeneem namate meer Suid-Afrikaanse toeriste ander lande sal besoek as gevolg van die sterker rand.✓✓

**Negatiewe uitwerking**

- Die vraag na Suid-Afrikaanse uitvoere soos basismetaal en mineraalprodukte sal afneem namate dit relatief duurder raak.✓✓
- Plaaslike besighede sal in terme van winste ly omdat hul produkte minder mededingend in wêreldmarkte raak.✓✓
- Werkloosheidsvlakke kan styg aangesien plaaslike besighede gedwing sal word om hul produksie te verminder as gevolg van verminderde uitvoere.✓✓
- Inkomende toerisme-aktiwiteite sal afneem aangesien minder toeriste die land besoek as gevolg van die sterker rand.✓✓
- Betalingsbalanstekorte sal toeneem namate minder goedere uitgevoer word terwyl meer goedere ingevoer word as gevolg van 'n sterker geldeenheid.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)

**('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde)** **[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE internasionale organisasies wat lidland vereis om ekonomiese en sosiale aanwysers te standaardiseer.**

- Internasionale Monetêre Fonds✓
- Wêreldbank✓
- Verenigde Nasies✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan uitvoerbevordering tot ekonomiese groei lei?**

Uitvoersubsidies en aansporings kan die produksie van goedere en dienste vir uitvoere aanmoedig, wat die bruto binnelandse produk verhoog en ekonomiese groei stimuleer.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer in die grafiek hierbo die dienste waaraan die huishoudings die laagste toegang het.**

Vullisverwydering✓ (1)

3.2.2 **Noem die sosiale aanwyser wat verband hou met die migrasie van mense van plaaslike na stedelike gebiede.**

Verstedeliking✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *sanitasie*.**

Die voorsiening van fasiliteite en dienste, soos toilette, vullisverwydering en rioolstelsel, om veilige wegdoening van menslike afval te verseker, higiëne en skoon omgewing, om mense se gesondheid te beskerm.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Verduidelik die impak van 'n toename in bevolking op 'n land se arbeidsmag.**

- 'n Toename in die bevolking verhoog die aantal mense wat beskikbaar is om te werk, wat die arbeidsmag verhoog.✓✓
- 'n Toename in die aanbod van arbeid kan tot laer lone en salarisse vir die arbeidsmag lei.✓✓
- 'n Groter bevolking bring 'n verskeidenheid vaardighede en ervarings na die arbeidsmark.✓✓
- 'n Groeiende bevolking kan werkloosheid veroorsaak omdat daar dalk nie genoeg werk, vir almal wat werk soek is nie. ✓✓
- Die gaping in sosiale en ekonomiese ongelykhede kan verbreed, aangesien sommige groepe nie toegang tot onderwys, opleiding en werksgeleenthede kan kry nie.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.2.5 **Hoe kan toegang tot skoon water 'n land se ekonomiese prestasie verhoog?**

- Skoon water help om siektes te voorkom, en hou sodoende werkers gesond, verminder siekdae en verhoog produktiwiteit.✓✓
- Toegang tot skoon water bevorder gereelde skoolbywoning wat tot 'n beter opgeleide arbeidsmag met hoër potensiale verdienste lei.✓✓
- Toegang tot skoon water kan toeriste na die land lok, wat ekonomiese aktiwiteit verhoog.✓✓
- Lande met betroubare voorsiening van skoon water is meer aantreklik vir besighede wat wil belê.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer in die uittreksel hierbo die handelsooreenkoms wat beoog om Suider-Afrika se maatskaplike en ekonomiese raamwerk te herbou en ontwikkel.**

Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap / SAOG✓ (1)

3.3.2 **Noem die internasionale organisasie wat vryhandel fasiliteer.**

Wêreldhandelsorganisasie/ WHO ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *handelsliberalisering*.**

Die afskaffing van owerheidsinmenging in handelsvloei aan beide die invoer en uitvoerkant/ Die verwydering van handelbeperkinge soos tariewe en kwotas op uitvoere en invoere om vrye vloei van goedere en dienste tussen lande toe te laat.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Verduidelik 'n voordeel van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA) vir Suid-Afrika.**

- Plaaslike produsente mag belastingvrye toegang op hul uitvoere na die VSA- mark geniet, wat hul goedere meer mededingend maak.✓✓
- AGOA bevorder nywerheidsgroei en diversifikasie in Suid-Afrika.✓✓
- Toename in uitvoerproduksie kan tot 'n toename in indiensneming in Suid-Afrika lei.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.3.5 **Hoe kan storting produsente in invoerlande beïnvloed?**

- Produsente in invoerlande kan onregverdige mededinging in die gesig staar, aangesien buitelandse ondernemings hul produkte teen baie lae pryse verkoop.✓✓
- Plaaslike produsente mag gedwing word om bedrywighede te sluit weens lae vraag na hul produkte.✓✓
- Besighede in invoerlande kan gedwing word om hul pryse te verlaag om by pryse van buitelandse produkte te pas, wat tot lae winsgrense kan lei.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek kortliks die *Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtigingprogramme (BBSEB)* en die *Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS)* as Suid-Afrikaanse groei en ontwikkelingsbeleide en strategiese inisiatiewe.**

**Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtigingprogramme (BBSEB)**

- BBBEE bevorder inklusiewe ekonomiese deelname vir swart Suid-Afrikaners om historiese ongelykhede aan te spreek. ✓✓
- Die strategie bied 'n regsbasis vir die transformasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie. ✓✓
- Die doelwitte is herstel en regstellende aksie in die werkplek- en besigheidsomgewings. ✓✓
- BBBEE bevorder groei en ontwikkeling deur voorkeurverkryging, ondernemingsontwikkeling, vaardigheidsontwikkeling, en die bevordering van eienaarskap en bestuur. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2)

**Vaardigheidsontwikkelingstrategie (NVOS)**

- Die NVOS het ten doel om die vaardighede van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te verbeter om ekonomiese behoeftes te bevredig, werkloosheid te verminder en gelykheid te bevorder. ✓✓
- Die NVOS is bedoel om onderwys en opleiding in Suid-Afrika radikaal te transformeer.✓✓
- Die strategie identifiseer en bied opleiding vir vaardighede wat in hoë aanvraag is om ekonomiese produktiwiteit te verhoog. ✓✓
- Die NVOS verbeter die kwaliteit opleidingsprogramme deur vennootskappe tussen opvoedkundige instellings, werkgewers en SOOO's (SETA's). ✓✓
- Die strategie fokus daarop om vaardigheidsverkrygingsgeleenthede aan histories benadeelde groepe te bied om rasse- en geslagsongelykhede in die arbeidsmag te transformeer. ✓✓ (2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde)** (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

3.5 **Hoe kan veranderinge in die verskillende ekonomiese aanwysers gebruik word om verbetering in die prestasie van die ekonomie te toon?**

- 'n Afname in die Verbruikersprysindeks (VPI) toon laer lewenskoste in die ekonomie, wat 'n toename in vraag vir goedere en dienste veroorsaak.✓✓
- 'n Daling in die Produsenteprysindeks (PPI) dui op laer produksiekoste en moedig die produksie van meer goedere en dienste aan.✓✓
- 'n Verbetering in die ruilvoet beteken dat Suid-Afrika meer inkomste uit uitvoere kry, wat gebruik word om invoeruitgawes te finansier, wat ekonomiese stabiliteit op die kort termyn versterk.✓✓
- 'n Verbeterde ruilvoet kan 'n surplus in die lopende rekening weerspieël, wat as maatstaf vir 'n gesonde ekonomie dien.✓✓
- 'n Hoër indiensnemingskoers weerspieël ekonomiese stabiliteit wat verbruikersbesteding, belastinginkomste en ekonomiese groei bevorder.✓✓
- Hoër arbeidsproduktiwiteit dui op verbeterde ekonomiese doeltreffendheid, mededingendheid en BBP-groei.✓✓
- Laer rentekoerse moedig besteding en investering aan om ekonomiese aktiwiteite te bevorder.✓✓
- Hoër rentekoerse beperk inflasie en lok buitelandse investering wat tot 'n toename in ekonomiese groei sal lei.✓✓
- 'n Swakker wisselkoers beteken dat uitvoere goedkoper en meer mededingend in die wêreldmarkte sal word, wat die handelsbalans van die lopende rekening verbeter.✓✓
- 'n Sterker wisselkoers toon dat die land minder vir invoere sal betaal, wat inflasie verminder.✓✓
- 'n Toename in geldvoorraad (M1, M2 en M3) weerspieël hoër likiditeit, uitbreiding van kredietbeskikbaarheid en 'n hupstoot van korttermynbesteding. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4 x 2) (8)

**('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde)**

**[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**
**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Noem enige TWEE vraagredes vir internasionale handel.**

- Grootte van die bevolking✓
- Inkomstevlakke✓
- Verandering in die welvaart van die bevolking✓
- Voorkeure en smake✓
- Die verskil in verbruikerspatrone✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoe kan geletterdheidsvlakke in ontwikkelende lande verbeter word?**

- Die owerheid moet meer skole bou en toegang tot onderwys verhoog.✓✓
- Implementeer beleide en programme wat leerders aanmoedig om met betekenis op laerskoolvlak te lees.✓✓
- Maak befondsing vir alle gemarginaliseerde gemeenskappe beskikbaar en toeganglik.✓✓
- Implementeer beleide wat dit verpligtend maak vir alle kinders om skool by te woon.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer in die spotprent hierbo EEN faktor wat tot swak openbaresektor-voorsiening bydra.**

Aanspreeklikheid✓ (1)

4.2.2 **Noem die soort openbare goedere wat gratis verskaf word.**

Gemeenskapsgoedere✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *openbaresektor-mislukking*.**

- Openbaresektor-mislukking is wanneer die owerheid nie daarin slaag om die ekonomie en die hulpbronne onder sy beheer optimaal te bestuur nie.✓✓
- Vind plaas wanneer die owerheid versuim om openbare goedere in die verlangde hoeveelhede en gehalte te voorsien.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2.4 **Verduidelik die uitwerking van 'n styging in Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) op besighede.**

- Besighede kan bykomende koste aangaan wanneer hulle die pryse van goedere en dienste wat aan BTW gekoppel is, aanpas.✓✓
- Besighede kan gekonfronteer met laer vraag na goedere en dienste, wat tot 'n afname in verkoopsinkomste kan lei. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Hoe kan die privatisering van parastatale positief die owerheid beïnvloed?**

- Privatisering verminder die fiskale las en staatslenings, aangesien die verkoop van openbare bates aan die private sektor, bykomende inkomste vir die owerheid genereer.✓✓
- Die belastingbasis vir die owerheid kan uitbrei, wat belastinginkomste sal verhoog en tot groter finansiële vermoë lei, om ander dienste te lewer.✓✓
- Privatisering help die owerheid om ontwikkelingsdoelwitte, soos swart ekonomiese bemagtiging deur verhoogde eienaarskap en beheer van besighede deur die voorheen benadeelde groepe, te bereik.✓✓
- Privatisering van staatsbeheerde ondernemings kan onmiddellike inkomste vir die owerheid genereer, wat gebruik kan word om staatsskuld te verminder.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.3 **DATAREPONS**

4.3.1 **Identifiseer in die uittreksel hierbo 'n sosio-ekonomiese probleem wat deur die Uitgebreide Openbare Werke-program aangespreek word.**

Werkloosheid✓ (1)

4.3.2 **Noem die groei en ontwikkelingsbeleid wat beoog om armoede uit te skakel en ongelykhede teen 2030 te verminder**

Nasionale Ontwikkelingsplan/ NOP✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *arbeidsintensief*.**

Prosesse of take wat meer menslike pogings as kapitaal verg om goedere en dienste te produseer.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Verduidelik die impak van swak infrastruktuur op ekonomiese groei.**

- Swak infrastruktuur, soos verouderde padnetwerke kan die verspreiding van produksie-insette en finale goedere ontwrig, wat tot lae produksie en afname in ekonomiese groei lei.✓✓
- Swak infrastruktuur kan buitelandse en binnelandse investering ontmoedig, wat die produksievermoë van die ekonomie beperk

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

omdat dit duur sal wees vir entrepreneurs om hul besighede te bedryf.✓✓
- Gebrekkige energievoorsiening sal veroorsaak dat besighede minder produksie produseer, wat ekonomiese groei verminder.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoe kan die Uitgebreide Openbare Werke-program help om die lewenstandaard te verbeter?**

- Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP) bied tydelike werkgeleenthede wat 'n inkomstebronne vir die benadeelde huishoudings skep.✓✓
- UOWP bied geleenthede vir vaardigheidsontwikkeling sodat die deelnemers in die arbeidsmark opgeneem kan word.✓✓
- UOWP dra tot armoedeverligting by deur huishoudings toe te laat om klein besighede te begin met behulp van vaardighede wat verkry is.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks *spesialisasie* en *innovasie* ten gunste van vryhandel.**

**Spesialisasie**
- Vergelykende voordeel wys dat wêreldproduksie verhoog kan word as lande spesialiseer in wat hulle relatief goed kan produseer. ✓✓
- As lande spesialiseer, sal die goedere waarvoor hulle 'n vergelykende voordeel het, wêreldhandel en verbruik gemaksimeer word.
- Die effek van verhoogde lewenstandaarde lei tot die verhandeling van meer goedere en dienste.✓✓
- Laat bedrywe toe wat 'n vergelykende voordeel met 'n laer geleentheidskoste het.✓✓
- Spesialisasie verhoog ekonomiese doeltreffendheid en voorkom die vermorsing van hulpbronne.✓✓
- Elke land wat die beste geskik is vir spesifieke goedere of dienste, sal meer van daardie goedere of dienste produseer.✓✓ (2 x 2)

**Innovasie**
- Vryhandel lei tot verhoogde mededinging, wat ‘n kragtige aansporing vir innovasie bied.✓✓
- Vryhandel laat lande toe om nuwe produkte bekend te stel wat na buitelandse markte uitgevoer kan word.✓✓
- Ondernemings ding mee om produksiemetodes te vind wat koste sny en die kwaliteit en betroubaarheid van goedere verbeter.✓✓
- Mededinging op internasionale markte kan besighede dwing om die nuutste tegnologie te implementeer en hul stelsels voortdurend te verbeter.✓✓

(2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**(Ken 'n maksimum van 4 punte vir blote lys van feite/ voorbeelde toe)** (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.5 **Ontleed die fiskale beleidsmaatreëls wat gebruik kan word om die ekonomie te demp.**

- Beperkende of krimpende fiskale beleid word tydens die voorspoedfase van die sakesiklus gebruik om die ekonomie te demp.✓✓
- Afnemende owerheidsbesteding aan infrastruktuurprojekte verminder die vraag na goedere en dienste.✓✓
- Die sny van openbare sektorlone (vergoeding van werknemers) kan help om die totale vraag na goedere en dienste te verminder en produksie te ontmoedig.
- Om belasting op besighede te verhoog, sal winsvooruitsigte in die ekonomie verminder, wat tot 'n algehele afname in ekonomiese aktiwiteite lei.✓✓
- Verhoging van persoonlike inkomstebelasting kan beskikbare inkomste verminder, wat tot 'n daling in verbruikersbesteding lei.✓✓
- Verhoging van indirekte belasting soos BTW, aksynsbelasting, ens sal die prys van goedere en dienste laat styg, wat besteding verminder.✓✓
- Vermindering in maatskaplike besteding, soos welsynstoelae, kan die huishoudings se inkomstevlakke verlaag wat tot laer verbruiksbesteding lei.✓✓
- 'n Afname in subsidies en aansporings wat aan besighede aangebied word, kan tot laer produksie-uitset lei namate die werklike produksiekoste wat produsente aangaan styg✓✓
- Die owerheid kan aansporings vir spaargeld bied, soos belastingvrye spaarrekeninge, om mense aan te moedig om te spaar eerder as om te spandeer.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
**('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde)** (4 x 2) (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING C**

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail die markte in die viersektor ekonomiesekringloop-model. (26 punte)**
- **Evalueer die bydrae van die sakesektor tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie. (10 punte)**

**INLEIDING**
Die ekonomiese kringloop is 'n vereenvoudigde ekonomiese model wat die onderlinge verhouding tussen die ekonomiese deelnemers illustreer. ✓✓
OF
'n Mark is 'n meganisme wat kopers en verkopers bymekaar bring om verskillende soorte produkte uit te verruil.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) (Maks. 2)

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**VIER TIPE MARKTE IN DIE EKONOMIESE KRINGLOOP**

**(a) Goederemarkte/Produktemarkte/Uitsetmarkte**✓
- Die produktemark is waar goedere en dienste gekoop en verkoop word.✓✓
- Firmas, owerheid en die buitelandse sektor verskaf goedere en dienste binne die oop ekonomie, wat die reële vloei verteenwoordig.✓✓
- Verbruikers, firmas, die owerheid en buitelandse sektor koop goedere en dienste van die goederemark en hul betalings verteenwoordig geldvloei.✓✓
- Goedere word gedefinieer as enige tasbare items soos voedsel, klere en motors wat aan sekere menslike behoeftes voldoen.✓✓
- Dienste word gedefinieer as nie-tasbare aksies wat vervoer, kleinhandel en finansiële transkasies insluit.✓✓
- Verbruikersgoederemark behels die handel in duursame-, semi-duursame en nie-duursame verbruiksgoedere.✓✓
- 'n Verdere onderskeiding word tussen die volgende verbruikgoedere gemaak:
  - Nie-duursame goedere is daardie items wat opgebruik word wanneer dit verbruik word en nie hergebruik kan word nie, soos petrol en drankies.✓✓
  - Semi-duursame goedere hou vir 'n kort tydperk en kan meer as een keer gebruik word, soos drukkerpatroon en 'n pen.✓✓
  - Duursame goedere kan oor en oor gebruik word en verslyt nie baie maklik nie, soos voertuie en meubels.✓✓
- Kapitaalgoedere is daardie goedere wat deur besighede gekoop word vir gebruik in die produksieproses en hulle word in die kapitaalgoederemark aangekoop.✓✓

**(b) Faktormarkte/Hulpbronmarkte/insetmarkte** ✓
- Faktormark is waar produksiefaktore verruil word,✓✓
- Die arbeidsmark, eiendomsmark en die finansiële markte is deel van die faktormark.✓✓
- Huishoudings is die eienaars van produksiefaktore en verkoop dit aan firmas om goedere en dienste te produseer.✓✓
- Die produksiefaktore is arbeid, entrepreneurskap, kapitaal en natuurlike hulpbronne en hulle word onderskeidelik vir lone, wins, rente en huur verruil.✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Die faktormark kan verder onderverdeel word in die volgende markte waarin verskillende produksiefaktore verhandel word:
  - 'n Arbeidsmark waar arbeid verhandel word, byvoorbeeld, die besigheid wat in indiensnemingsagente en arbeidsmakelaars gedoen word.✓✓
  - 'n Natuurlike hulpbronmark waar land (grond) en ander natuurlike hulpbronne verhandel word.✓✓
- Faktordienste is reële vloeie en dit gaan gepaard met teenvloei van inkomste op die faktormark.✓✓

**(c) Finansiële markte**✓
- Finansiële markte is nie direk betrokke in die produksie van goedere en dienste nie, maar dien as 'n skakel tussen huishoudings en besighede met surplusinkomste en ander deelnemers wat fondse benodig.✓✓
- Banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse vorm deel van die finansiële markte.✓✓
- Finansiële markte lewer finansiële dienste aan ander deelnemers in die ekonomie deur surplusfondse in te samel en dit uit te leen aan diegene wat finansiering benodig.✓✓

**Geldmark**✓
- Die geldmark is die mark vir korttermyn spaargeld en lenings.✓✓
- Geldmark sluit interbanklenings vir 'n tydperk so kort as oornag in.✓✓
- Die sekuriteite wat verhandel word sluit korttermyndeposito's, korttermynskuldbriewe (-obligasies) en skatkiswissels in.✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) is die sleutelinstelling in die geldmark.✓✓
- Die SARB administreer die funksie van wetgewing en die bestuur van die geldmark.✓✓

**Kapitaalmark**✓
- Die kapitaalmark is die mark vir langtermyn spaargeld en lenings.✓✓
- Die sekuriteite wat in hierdie mark verhandel word, is langtermyndeposito's, verbandlenings en aandele.✓✓
- Die Johannesburgse Sekuriteitsbeurs (JSE) is 'n sleutelinstelling in die kapitaalmark.✓✓

**(d) Buitelandse valutamark/ buitelandse geldeenheidmark/ Forex-mark**✓
- Die buitelandse valutamarkte is waar verskillende geldeenhede van al die lande verhandel word, ✓✓ bv. Die Suid-Afrikaanse rand kan in hierdie mark vir die Amerikaanse dollar verruil word.✓
- Die buitelandse valutamarkte ontstaan wanneer een land goedere van 'n ander land invoer en binnelandse geldeenheid omgerruil moet word om vir sulke invoere te betaal.✓✓
- Buitelandse valuta kan by banke en buitelandse valuta-agente gekoop en verkoop word.✓✓
- Die Suid-Afrikaanse rand word vrylik in die forex-markte verhandel en die waarde daarvan word deur die markkragte van vraag en aanbod bepaal.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks.26)

**(Ken 'n maksimum van 8 punte vir opskrifte/ sub-hofies/voorbeelde toe)**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ADDISIONELE DEEL**

**POSITIEWE**

- Besighede skep direk en indirek werkgeleenthede, wat help om werkloosheidskoerse te verlaag.✓✓
- Die sakesektor bied vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede, soos indiensopleiding en werkswinkels, wat die vaardighede van die werksmag verbeter en produktiwiteit verhoog.✓✓
- Besighede dra grootliks by tot die bruto binnelandse produk (BBP) van 'n land deur die produksie van goedere en dienste as die hoof dryfveer van ekonomiese groei.✓✓
- Die sektor belê in navorsing en ontwikkeling, wat innovasie en entrepreneurskap aanmoedig.✓✓
- Besighede betaal maatskappybelasting aan die owerheid, wat dan gebruik word om openbare dienste en infrastruktuurprojekte te finansier.✓✓
- Besighede kan in vennootskap met die owerheid werk om infrastruktuur te ontwikkel soos die bou van paaie, vervoer en kommunikasiestelsel wat ekonomiese aktiwiteite en ekonomiese groei bevorder.✓✓
- Besighede neem aan internasionale handelaktiwiteite deel wat die mededingendheid van 'n land se uitvoere verbeter.✓✓
- Besighede neem deel aan korporatiewe maatskaplike beleggingsprojekte (KMB) wat help om die welsyn van gemeenskappe te verbeter.✓✓

**NEGATIEF**

- Die sakesektor verbreed die ongelykheidsgaping deur lae lone aan werkers te betaal.
- Besighede wat winsgedrewe is, versuim soms om die negatiewe impak van hul aktiwiteite op die omgewing, soos besoedeling, in ag te neem.✓✓
- Onbillike besigheidspraktyke soos samespanning, kan tot verbruikersuitbuiting lei, deur hoë pryse.✓✓

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)
  **('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir blote lys van feite/ voorbeelde)**

**SLOT**

Markte is uiters belangrike instellings in die ekonomiese stelsel, aangesien hulle die mark reguleer, prysstabiliteit beskerm en beide die besigheid- en verbruikersvertroue verbeter.✓✓
(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde slot) (Maks. 2) **[40]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- **Bespreek in detail Suid-Afrika se inisiatiewe (pogings) in streeksontwikkeling. (26 punte)**
- **Hoe kan die owerheid aansporings gebruik om nywerheidsontwikkeling te bevorder? (10 punte)**

**INLEIDING**

Streeksontwikkeling fokus op beleide wat gemik is op gebiede of streke van 'n land wat minder ontwikkel is, te verbeter.✓✓ **OF**
Streeksontwikkeling is die implementering van beleide wat daarop gemik is om die ekonomiese lewensvatbaarheid van spesifieke gebiede of geografiese direkte te verhoog.✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding)

**LIGGAAM: HOOFDEEL**

**Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe** (ROI)✓

- Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe kan gedefinieer word as 'n skakel tussen belangrike ekonomiese middelpunte (spilpunte) en streke in 'n land.✓✓
- ROI is 'n beleid om volhoubare nywerheidsontwikkeling in gebiede waar armoede en werkloosheid die hoogste is, te bevorder.✓✓
- ROI stimuleer ekonomiese aktiwiteite in die onderontwikkelde gebiede om indiensneming en ekonomiese groei te stimuleer.✓✓
- Die owerheid het ten doel gehad om die private sektor en direkte buitelandse investering te verbeter deur aansporings toe te staan.✓✓
- Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe bevorder die vestiging van openbare-privaat-vennootskappe (OPV) om die ekonomiese potensiaal van onderontwikkelde gebiede te verbeter.✓✓
- In 'n OPV, kan private besighede die kapitaal verskaf om die fabrieke te bou, grondstowwe te koop en arbeid in diens te neem.✓✓
- Die owerheid voorsien kapitaal vir die infrastruktuur soos paaie en watervoorsieningsnetwerke.✓✓
- Die ROI behels 'n interdepartementele beleggingstrategie wat die Departement van Handel, Nywerheid en Mededinging (DHNM) en die Departement van Vervoer (DoT) lei.✓✓
- DHNM is die dryfveer agter nywerheid- en ruimtelike ontwikkeling, aangesien dit die vestiging en groei van besighede ondersteun.✓✓
- ROI fokus op hoëvlak ondersteuning in gebiede waar sosio-ekonomiese omstandighede gekonsentreerde owerheidsondersteuning vereis en inherente ekonomiese potensiaal bestaan. ✓✓
- ROI versnel investering en maksimeer medewerkendheid tussen verskeie tipes beleggings.✓✓
- Voorbeelde van ROI'e in Suid-Afrika sluit in KwaZulu-Natal ROI, Wildekus ROI, Visrivier ROI, Weskus Investeringsinisiatief, Platinum ROI, Phalaborwa ROI, Gauteng Spesiale Ekonomiese Sone, Lubombo ROI en Richardsbaai-inisiatief.✓
  **('n Maksimum van 1 punt kan toegeken word vir voorbeelde van ROI'e)**

**Nywerheidsontwikkelingsones (NOS)**✓

- NOS'e is geografiese ontwerpte, doelgeboude en fisiese omheinde nywerheidsgebiede, wat met 'n internasionale lughawe of hawe verbind is.✓✓

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Die fokus van NOS'e is om private en direkte buitelandse investering na uitvoergedrewe nywerhede te lok.✓✓
- Nywerheidsontwikkelingsones laat belastingvrye invoer van produksieverwante grondstowwe en insette toe.✓✓
- Besighede in NOS'e het toegang tot toegewyde doeanedienste om inspeksie en goedkeuring meer doeltreffend te maak.✓✓
- Die strategie was daarop gemik om die internasionale mededingendheid van plaaslike nywerhede in uitvoermarkte te verbeter.✓✓
- NOS fokus op werkskepping deur die uitvoer van waarde-toegevoegde produkte te bevorder.✓✓
- Besighede wat in NOS'e geleë is, geniet wêreldklas infrastruktuur, 'n zerokoers BTW op voorrade uit Suid-Afrikaanse bronne en verminderde belasting op sommige produkte.✓✓
- NOS is gestig om maatskappye wat investeer te bevoordeel, deur finansiële ondersteuning wat deur die owerheid verskaf word.✓✓
- Besighede in NOS'e het toegang tot vervoer vir uitvoerdoeleindes en nuutste tegnologie vir wêreld-kommunikasie.✓✓
- NOS is ontwerp om skakels tussen binnelandse en sone-gebaseerde nywerhede te bevorder en ontwikkel.✓✓
- Voorbeelde van NOS'e in Suid-Afrika sluit in: Coega NOS, OR Tambo Internasionale Lughawe, Oos-Londen NOS, Richardsbaai NOS en Saldanhabaai NOS.✓
  **('n Maksimum van 1 punt kan toegeken word vir voorbeelde van NOS'e)**

**Spesiale Ekonomiese Sones (SES)**✓
- Spesiale Ekonomiese Sones is geografiese afgebakende gebiede waar spesifieke ekonomiese aktiwiteite geïdentifiseer is om ontwikkel te word.✓✓
- Besighede wat in SES'e geleë is, kan aansporings soos belastingverligting en ondersteuningsdienste geniet om nywerheidsontwikkeling te bevorder.✓✓
- SES'e skep 'n basis vir 'n breër reeks van nywerheidsparke en verskaf ekonomiese infrastruktuur om die groepering van vervaardigers moontlik te maak.✓✓
- Die doel van die skep van SES'e is om nuwe besighede te lok wat nuwe produksielyne ontwikkel en werkgeleenthede skep.✓✓
- Die DHNM het aangedui dat die bestaande NOS'e waar spesiale belastingaansporings nie van toepassing is nie, na SES'e gegradeer sal word.✓✓
- SES'e is nie noodwendig aan internasionale lug- of seehawens gebind nie en die doel van vervaardiging is om vir beide binnelandse en uitvoermarkte te voorsien.✓✓

**Korridors**✓
- 'n Korridor is 'n landstreek wat 'n deurgang vorm wat toegang verleen van een gebied na 'n ander en as deel van streeksontwikkeling ontwikkel is.✓✓
- Korridors in Suid-Afrika is ruimtelike gebiede wat aan mynbou, vervaardiging en ander besighede voordele bied.✓✓
- Die voordele sluit die teenwoordigheid van behoorlike infrastruktuur en die spesialisering van produkte of dienste in.✓✓
- Korridors is ontwikkelde gebiede binne Suid-Afrika en is die prioriteite van al die ontwikkelingsagentskappe.✓✓
- Die DHNM bied hulp ter ondersteuning van die ontwikkelingkorridors soos die Maputo-ontwikkelingskorridor, wat in Gauteng begin en deur Mpumalanga tot by die Maputo-hawe strek, en geleenthede vir die vervoerbedryf bied.✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks.26)
  **(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/ sub-hofies/voorbeelde)**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**ADDISIONELE DEEL**

- Verminder maatskappybelasting en bied belastingvakansie of kwytskeldings om die winsvooruitsigte te verhoog, wat investering in bestaande nywerhede sal lok.✓✓
- Verskaf subsidies op kapitaalinvestering om die ontwikkelingskoste vir potensiële investeerder in spesifieke nywerhede te verminder.✓✓
- Owerheid kan kontanttoelae of lae rente lenings aan besighede verskaf wat wil uitbrei en nuwe tegnologieë wil aanneem.✓✓
- Die owerheid kan 'n ondersteunende omgewing vir nywerhede om te floreer skep deur in infrastruktuurontwikkelingsprojekte, soos paaie, nutsdienste en nywerheidsparke te belê.✓✓
- Die vereenvoudiging van die registrasieprosedure vir besighede, die vermindering van burokratiese struikelblokke en die verskaffing van makliker toegang tot lisensies kan nywerhede help om doeltreffend te groei.✓✓
- Bied uitvoeraansporings soos inligting oor uitvoermarkte en konsessies op vervoerkostes, om die produksie van goedere en dienste vir uitvoere aan te moedig.✓✓
- Voorsien belastingvrye aansporings om die produksiekoste vir besighede wat produksie-insette invoer, te verminder.✓✓
- Die owerheid kan direkte finansiële ondersteuning vir vaardigheidsontwikkeling bied wat help om die vaardigheidsbasis en produktiwiteit van besighede te verhoog.✓✓
- Verskaf sakeondersteuningsprogramme om die lewering van kleinsakeondersteuning aan klein besighede en entrepreneurs te verbeter.✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)

**('n Maksimum van 2 punte toegeken vir blote lys van feite/ voorbeelde)**

**SLOT**

Streeksontwikkelingsbeleide los die langtermynprobleme van werkloosheid en armoede op, alhoewel sekere beperkinge soos vaardigheidstekorte en hoë kostes steeds aangespreek moet word. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde slot) (Maks. 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African